

AANSTELLING VAN SAUK-RAADSLEDE

Deur me Rebecca Sibanda: Regsassistente, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) se Raad kan meer as drie maande na die skielike bedankings van Raadslede in Desember 2018 steeds nie 'n kworum vorm nie. Dit bring die aantal vakante posisies op agt te staan. Die Parlementêre Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (die Komitee) het op 12 Desember 2018 'n beroep om openbare benoemings gedoen en die proses op 21 Desember 2018 gesluit. Die kort benoemingstydperk het meer as 300 name opgelewer. Die Komitee het belowe om hul parlementêre pligte te begin voor die amptelike opening van die Parlement ten einde die leë sitplekke vinnig te vul. Die kortlys van die benoemde kandidate is gevolg deur die onderhoudsproses wat op 5 en 6 Maart 2019 plaasgevind het.

Die *Uitsaaiwet*, wat die aanstellingsprosedure in artikel 13 uiteensit, vereis 'n deursigtige en oop proses vir die aanstelling van raadslede. Dit behels 'n gesamentlike poging van die Komitee om te verseker dat die kandidate aan die wetlike vereistes voldoen; die sekerheidsklaring van die suksesvolle kandidate; die voorlegging van die name aan die Nasionale Vergadering; en laastens, die aanstelling deur die President op aanbeveling van die Nasionale Vergadering. Hierdie proses is en was nog altyd 'n lang een, om te verseker dat die nodige omsigtigheid uitgeoefen word. In die verlede het hierdie proses meer as drie maande geduur.

Dit is duidelik dat wat klaarblyklik 'n gejaagde proses is, 'n poging is om die poste te vul voor die Parlement weer op 20 Maart sit, ten einde die Uitsaaiër in staat te stel om sy pligte doeltreffend uit te voer. Die Komitee het sedertdien die onderhoudsproses afgehandel en agt name aan die Nasionale Vergadering vir oorweging voorgelê. Onder die gekose kandidate is veteraan joernalis Mary Papayya, advokaat Motshedi Benjamin Lekalakala, dr Marcia Socikwa en professor Sathasivan Cooper.

Sommige komiteeledes het voorgestel dat aanstellings tot na die nasionale verkiesings in Mei 2019 uitgestel word, omdat enige iets wat voor dit gedoen word, op 'n gejaagde proses sal neerkom. Die alternatiewe oogpunt is dat enige verdere oponthoud betreffende die aanstellings die sukkelende staatsbeheerde onderneming verder sal verswak. Oor die twee dae lange onderhoudsproses was daar 'n algemene gevoel van teleurstelling wat die kaliber kandidate betref, wat dui op die SAUK se mislukking om meer geloofwaardige kandidate te lok. Die geloofwaardigheid van die SAUK is besig om af te neem en die vakante poste verleen gewig aan die mening dat die Uitsaaiër institusionele hervorming benodig. Die klaarblyklike politieke inmenging, die vertrek van verskeie ervare en toegewyde individue, asook miljoene rande se skuld, is deel van die probleem.

Die afwesigheid van 'n Raad is maar net een van die SAUK se bekommernisse. Die Uitsaaiër het verlede jaar aangedui dat dit op sy reserwes bedryf word en dat indien dit nie 'n groot kontantinspuiting sou ontvang nie, dit nie na Maart 2019 finansiële lewensvatbaar sou wees nie. 'n Reddingsboei van R3 miljard is aangevra. Die Minister van Finansies het in sy



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

begrotingsrede vroeër vanjaar verklaar dat die SAUK byna R7 miljard nodig het om sy finansiële probleme aan te pak. Dit was nie in staat om diensverskaffers en vryskutwerkers te betaal, opdrag vir nuwe inhoud te gee of om ander kontrakte na te kom nie. Die situasie het voorts die vermoë bedreig van die SAUK om sy loonrekening te betaal, wat op die oomblik die betaling van ten minste 3 000 salarisse vereis. Met sy jaarlikse finansiële verlies op R568 miljoen (meer as R280 miljoen meer as wat aanvanklik beraam is), toon die SAUK se voorspelde syfers feitlike insolvensie teen die einde van Maart 2019. In Februarie is die SAUK beboet met R32 miljoen deur die Mededingingstribunaal omdat hulle oor advertensiekoerse saamgespan het - 'n verdere verlies van geld wat dit nie eintlik het nie.

Die Minister van Kommunikasie, Telekommunikasie en die Posdiens, Stella Ndabeni-Abrahams, het hierdie week gesê dat die Nasionale Tesourie ingestem het om tussentydse finansiering te bied (die bedrag moet nog bevestig word) ten einde die SAUK in staat te stel om van sy skuld te vereffen, asook om salarisse vir die komende maande te kan betaal. Die bedrag is nie die aangevraagde R3 miljard nie, en dit is ook nie die nodige R6.8 miljard nie. Vrae oor wat gaan gebeur wanneer hierdie lewensboot leeg loop, moet geopper word.

Die SAUK is net een van die vele ondernemings in staatsbesit wat deur die Nasionale Tesourie gesteun word, en wat wegvreet aan die fondse wat herlei kan word om vele ander regeringsprojekte te dien tot voordeel van die Suid-Afrikaanse publiek. Hoe meer die Tesourie aan reddingsboei toeken, hoe minder is daar om aan noodsaaklike gebiede en nasionale projekte toe te ken. Dit is een rede vir die SAUK se desperate behoefte aan bekwame en geloofwaardige leierskap. Die aanstellingsproses kan egter nie deur gejaagdheid en 'n gebrek aan toesig belemmer word nie, ongeag die dringende aard van die situasie.

Verder is dit belangrik dat die SAUK finansiële lewensvatbaar bly, veral gedurende hierdie verkiesingseisoen. Vir baie in Suid-Afrika is SAUK-kanale die enigste bron van inligting oor openbare aangeleenthede. Vir hulle is die SAUK die laaste hawe vir toegang tot vryheid van uitdrukking - en hul grondwetlik beskermde toegang tot die pers en media.

Met die lys van aanbevole kandidate wat nou voor die Parlement ingedien is, kan mens net vertrou dat ondanks die beperkte tydperk waarin die Komitee die proses voltooi het, geen kortpaaie geneem is nie. Die SAUK kan nie weer sonder leierskap wees as gevolg van gebrek aan toesig nie. Die suksesvolle kandidate sal die groot taak hê om die uitsaaier te herkapitaliseer, asook om die broodnodige geloofwaardigheid te herstel.